## ’n Nuttige Naslaanbron oor die FAK

**O.J.O. Ferrira,** ***FAK - 75. Geskiedenis van die Derde Kwarteeu in die Bestaan van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, 1979-2004.***
FAK, Pretoria, 2004.
192 pp
ISBN 0-620-32701-4
R75.00

Prof. O.J.O. (Cobus) Ferreira het bekendheid verwerf vir sy indringende en omvattende ontledings van historiese verskynsels. Hy het trouens op grond van sy belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie reeds verskeie akademiese toekennings ontvang, onder meer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Met hierdie publikasie is Ferreira gedwing om ’n ander benadering te volg. Hy skryf hieroor:

> Die manuskrip moes binne ’n beperkte tyd gereed wees sodat die drukker die eindproduk betyds vir die 75-jarige herdenking van die stigting van die FAK in September 2004 kon aflewer. Daar was dus nie ’n geleentheid om die FAK-versameling in die Argief vir Eietydse Aangeleenthede ... te raadpleeg nie. Die skelet van hierdie stukkie

> navorsing kom gevolglik uit die FAK se jaarverslae ..., terwyl die vleis daaromheen hoofsaaklik uit die uitgawes van *Handhaaf* ... gehaal is. (pp 7-8).

Benewens die besondere knap tydraamwerk waarbinne die skrywer moes funksioneer, het hy homself ook ’n verdere beperking opgelê - waarskynlik deels as gevolg van tyddruk:

> Miskien is ons nog te na aan dié gebeure om dit in die regte perspektief te beskou of ’n oordeel daaroor uit te spreek. Die veilige - en waarskynlik die regte - weg om te volg, was dus om in hierdie stadium waardeoordele sover moontlik te vermy en eerder die rol van ’n kroniekskrywer te speel. Latere navorsers sal wel die geleentheid hê om die geskiedenis van die FAK grondig na te vors en met die voordeel van afstand in tyd en emosionele onbetrokkenheid ’n objektiewe oordeel te vel. (p 7).

Hoewel daar begrip vir die skrywer se standpunt sal wees, is dit tog jammer dat hy hom nie daaraan wou waag om die FAK teen hierdie tydsagtergrond te ontleed en te evalueer nie - die “maalstroom” waaruit Afrikaanse Kultuurorganisasies in hierdie tydperk “nie onaangeraak gekom het nie” (p 7). Dit sou verder fassinerend gewees het om meer van die dinamiek binne dié organisasie te wete te gekom het in die tyd van transformasie - iets waarna die skrywer verwys as: “[d]it was ’n tyd van verdeeldheid in eie kring, wat nog deur ’n staatkundige omwenteling vererger is” (p 7).

Die skrywer deel die inhoud van die publikasie in die volgende drie hoofeenhede in:

“Inleiding: Die eerste halfeeu, 1929-1979”
“Die derde kwarteeu, 1979-2004”
“Toekomsblik”

Die “derde kwarteeu, 1979-2004” beslaan uit die aard van die saak die oorgrote deel van die werk. Dit behandel onder meer die organisatoriese werking van die organisasie, “kulturele aktivering en veranderde omstandighede”, “bekronings”, “beurse”, “publikasies”, “musiek en Musiekkomitee”, “Afrikaans en die Taalkomitee”, “Geskiedenis en die Geskiedeniskomitee”, “Ekonomie en die Ekonomiese Komitee”, “Kunste en die Kunstekomitee”, “die jeug”, “Onderwys en die Onderwyskomitee”, “die gesin”, “kultuurskakeling en die Komitee vir Interkulturele Skakeling”, “maatskaplike steun en die Nasionale Komitee” en “strategiese beplanning”.

Hoewel die skrywer hom in die voorwoord ten doel stel om nie “waardeoordele” uit te spreek nie, kan dit natuurlik nie heeltemal vermy word

nie en kom dit van tyd tot tyd tog voor - onder meer in “strategiese beplanning” en in “toekomsblik”. Die skrywer vermy wel deels ’n eie evaluering deur prominente rolspelers in die organisasie aan die woord te stel. Met sy keuse van die tersaaklike aanhalings en menings kan ook hy egter nie heeltemal aan “waardeoordele” ontsnap nie. Die skrywer oorkom die gebrek aan ’n deeglike stelsel van bronverwysing deels deur in die voorwoord na die hoofbronne te verwys. Daarbenewens probeer die skrywer ook deurgaans om in die teks self op so ’n wyse na die oorsprong van die inligting te verwys dat dit nie vir die leser steurend is nie.

Ten spyte van die beperkte uitgangspunt, waarvan die skrywer geen geheim maak nie, dien hierdie publikasie tog ’n baie nuttige doel. Omdat Ferreira ’n reputasie opgebou het as ’n besonder noukeurige navorser, kan die eietydse historikus met vertroue dié werk as ’n nuttige naslaanbron vir tersaaklike kerninligting aanwend - byvoorbeeld ten opsigte van persoonlikhede en die struktuur en funksionering van die FAK. Die uitgebreide register vergemaklik die opspoor van hierdie inligting. Dit lei geen twyfel nie dat historici wat oor hierdie tydperk werk, dié tipe inligting graag sal wil benut.

Johan S. Bergh
Departement Historiese en Erfenisstudies
Universiteit van Pretoria